

Sonder enige verandering

Eindelik kom Paulus in Rome aan, maar hy is geboei! Tog tree sy gevangenskap op die agtergrond. Hy geniet verbasend baie vryheid. In Puteoli bly hy sewe dae lank by mede-Christene (vers 13), gelowiges ontmoet hom op pad na Rome (vers 15) en in Rome is sy huisarres sodanig dat hy vrylik mense kan ontvang (verse 16-17). Die evangelie kan nie gestuit word nie. Vir die laaste keer word vertel hoe Paulus ook hier in die hart van die Romeinse Ryk die goeie boodskap van Christus uitdra.

Ook hier verkondig Paulus aan Jode wat hom kom besoek die evangelie (vers 17). Dit is 'n tipiese sendingsituasie. Aanvanklik is daar geen weerstand teen Paulus nie, die Jode is onkundig oor die evangelie en het 'n opregte begeerte om meer daarvan te wete te kom (vers 22). Nou kan Paulus in Rome doen wat hom so na aan die hart lê. Hy kan aan sy volksgenote verkondig dat daar net een weg van redding is – die geloof in Jesus Christus as die langverwagte Messias van Israel.

Die boek eindig op 'n triomfantlike noot. Twee lyne loop hier in 'n klimaks saam: die verharding van die Jode en die krag van die Woord wat sonder enige verandering sy pad loop. Paulus se gevangenskap is nie 'n verleentheid nie, maar 'n geleentheid vir die evangelie. Onder die keiser se neus word die evangelie verkondig. As dit hier moontlik is, is dit orals moontlik. Wie Rome oorwin het, het in beginsel die wêreld oorwin. So gaan Hand 1:8 in vervulling: Jerusalem, Judea, Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld – totdat Hy kom. Die woorde waarmee Handeling 28 eindig, is 'n juigkreet: "...sonder enige verandering". Hulle vertel in blye jubeling van die oorwinningsgang van ons God. Waar is sy vyande nou? Is ons oë ook gerig op die uithoeke, die verste nasies, die maghebbers van die wêreld? Sien ons in helder kleure al die oorwinning van God se saak? Wie in Christus glo, het 'n wêreldperspektief en 'n wêreldhart. Jou hele lewe is gebind aan die voortgaande stryd van die kerk. Die lewe van die kerk is jou lewe; sy oorwinning straks is jou oorwinning. Só benader ons ook die bedreigde en moeilike taak van die uitdra van die evangelie. Só kyk ons gelowig die toekoms in as mense met 'n wêreldblik.

Sing: Skrifberyming 24:6

Prof F Denkema (Potchefstroom)